

24

KERSFEES

Rolspel

GESINSLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die ouers en kinders moet iets van Kersfees as Christusfees ervaar deur deel te neem aan die rolspel.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders en ouers moet –

- weet dat Kersfees 'n Christusfees is.
- die geboorteverhaal beter leer ken deur aan die rolspel deel te neem.

Gesindheid

Die kinders en ouers moet dankbaar wees oor Kersfees se betekenis.

Vaardigheid

Die kinders en ouers moet –

- aan die rolspel deelneem.
- betrokke raak by die gemeente se Kersfeesbedrywighede.

MEER INLIGTING (Lukas 2: 1-20)

Die rolspel word volledig aangebied by IETS INTERESSANT en kan net so gebruik word.

AANBIEDING

Jy het nodig

Alles wat nodig gaan wees vir die rolspel – gebruik eie inisiatief.

KOM ONS BEGIN

Die kategeet of een van die ouers open met gebed.

HET HULLE ONTHOU?

Verlede week is alle onthou-aktiwiteite vir die jaar afgehandel.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Herinner die kinders dat dit binnekort Kersfees gaan wees. Met Kersfees herdenk ons die geboorte van Jesus. Verduidelik wat rolspel is en dat julle vandag saam met die ouers die Kersverhaal met rolspel gaan vertel.

IETS INTERESSANT

Rolspel

Maak 'n stal na eie goeëdunke en soos omstandighede toelaat. Die stal is in die een hoek met Josef, Maria en die baba ('n pop wat in 'n krip lê). In die ander hoek is die skaapwagters. Hulle sit rondom hul vuurtjie.

**Karakters: Verteller, Josef, Maria, skaapwagters, engele en sterrekykers.
Gebruik die kinders en die ouers om deel te neem.**

Verteller: *Die keiser het gesê al die mense in die land moet getel word. Daarvoor moet hulle na die dorp toe gaan waar hulle gebore is. Josef en Maria het Betlehem toe gegaan. In Betlehem was nêrens slaapplek vir hulle nie. Hulle het in 'n stal gaan slaap. Daar is Jesus die nag gebore.*

Josef: Ai, Maria, jy is seker doodmoeg. Om te dink nêrens was daar eers 'n plekkie om te slaap nie. Dis seker maar omdat almal wat hier gebore is, hierheen moes kom om getel te word. En jy is seker nou doodmoeg na die geboorte.

Maria: Toemaar Josef, ek gee nie om om hier te slaap nie, solank ons net 'n bietjie kan rus. Ek is regtig doodmoeg. Dit was baie gaaf van die herbergier om ons hier te laat slaap. Ai, (*rek haar uit*) noudat ons pragtige baba slaap, gaan ek ook lekker rus.

Josef: Maria, my vrou, ek is so bly oor hierdie pragtige seuntjie wat gebore is. Hy is sowaar somer hier in die stal gebore! Die Here was goed vir ons, want dit gaan baie goed met die babatjie. Ons gaan hierdie seuntjie "Jesus" noem. Dit beteken "die Here verlos". Dit is mos wat die engel gesê het? Deur hierdie Jesus gaan God sy volk verlos. Nag, my vrou.

Maria: Nag, my man.

Josef: Nag, Vrou. Roep my as jy iets nodig het.

(Al twee raak aan die slaap. Aandag verskuif na die ander hoek.)

Verteller: *In die veld het 'n groepie skaapwagters langs hul vuurtjie gesit. (Engel kom in.) Skielik was daar 'n engel by hulle wat 'n boodskap gebring het. (Skaapwagters skrik toe die engel verskyn.)*

Engel: Moenie skrik nie, ek bring vir julle wonderlike nuus! Vandag is die baba Jesus gebore. Hy gaan julle verlos. Gaan kyk in Betlehem in 'n stal, daar sal julle die babatjie kry. Hy lê in 'n krip.

Engelekoor: Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het.

(Skaapwagters staan op en loop na die stal toe, waar Josef en Maria intussen wakker geword het.)

Skaapwagter: Meneer, iets wonderliks het gebeur. 'n Engel het vir ons gesê hierdie babatjie is ons Verlosser. Dit is wonderlike nuus! Ons kom voor Hom neerkniel en ons almal moet God loof en prys! *(Skaapwagters weer af.)*

Josef: Maria, dit is die waarheid! Jy moet net sien hoe 'n pragtige, helder ster hier bokant die stal hang! Dit is mos 'n teken dat 'n wonderlike ding gebeur het, dat 'n Koning gebore is! Wag, wie is dit wat nou hier kom?

(Sterrekykers kom op.)

Sterrekyker: Goeiemôre Meneer. Jy sal nie glo nie. Ons volg 'n ster nou al vir nagte lank. Dit het ons tot by hierdie stal gelei. As 'n nuwe ster verskyn, weet ons 'n Koningskind is gebore. En sowaar, hier lê Hy. Ons het vir Hom pragtige geskenke gebring – goud, wierook en mirre! *(Almal af)*

Verteller: *Ai, dit is wonderlik. God het ons darem maar baie lief om sy Seun as ons Verlosser te stuur! Weet julle wat beteken Verlosser? Ons almal doen verkeerde dinge. Ons sê ons doen sonde. Vir sonde moet 'n mens gestraf word. Maar nou het Jesus ons van die straf verlos. Ons hoef nie meer gestraf te word nie. Jesus is in ons plek gestraf. As jy dit glo, is jy God se kind. Omdat ons God se kinders is, gaan Hy ons nie straf nie. Hy het ons vergewe.*

En eendag as ons doodgaan, gaan ons na God toe. En dit net omdat Jesus gebore is!

Daarom moet ons altyd, as dit Kersfees is, onthou: God is baie lief vir ons, dit is hoekom Hy ons verlos het. Kom ons sê vir Hom baie dankie daarvoor.

BY DIE HUIS

Laat elkeen sy eie prent oor Kersfees gaan teken.

AFSLUITING

- Sing Kersliedere. As omstandighede dit nie toelaat nie, lees dit net vir hulle voor.

Gesang 344: 1 en 3

*O die goeie tyding, o die blye tyding –
helder klink dit met Kersfeestyd:
Diep was ons verlore, Christus is gebore.
Juig dan, almal, jubel oor die saligheid!*

*O die goeie tyding, o die blye tyding –
oral hoor ons: Dis Kersfeestyd.
Blye jubelkore loof die Kind, gebore.
Juig nou mensdom, prys Hom tot in ewigheid!*

Gesang 349: 1 en 3

*Kom, kinders, besing met 'n vrolike stem
die wonder van God in die stad Betlehem,
want daar is die Heiland gebore, dié nag,
die hoop van die wêreld, deur eeue verwag.*

*In need'rige krip was sy bedjie berei –
die Kind wat die harte van almal verbly.
Omhoog, uit die hemel, sing engele eer,
die herders en wyses kom kniel voor Hom neer.*

- Sluit af met gebed.